TE WEET

22 Feb. 2026

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE NELSPRUIT

www.hervormdekerknelspruit.co.za F/B: Nelspruit Hervormde gemeente

Welkom aan elkeen wat vanoggend die erediens bywoon. Mag dit vir ons almal tot seën wees.

Vir die volgende 40 dae gaan ons op 'n reis. Dit is 'n reis waar ons saam met Christus leer om die onsigbare, privaat lewe met die Vader te ontdek – 'n pad van nederigheid, selfloosheid en vertroue wat ons voorberei vir die kruis én die lewe wat daaruit vloei. Mag jy Jesus op 'n nuwe manier ontmoet oor die volgende 40 dae soos ons saam hierdie pad na die kruis stap.

EREDIENS: ds Natasha Loftus
Tema: Die afwaartse pad
Groet verwelkoming aankondigings
Stilgebed
Vonkk 72 Wees stil
Votum en seëngroet
Lied 179:1 x 3
Gebed
Vonkk 234 Abba Vader Hemelheer
Teksgedeelte Psalm 121
Preek
Nagmaal
Voorbereiding lied 308:1
By tafel 308:2-5
Na tafel Lied 179:2 x 3
Gebed
Seën

LIEF EN LEED

Vandag dink ons aan:

💜 Adele Hillicks. Haar broer is verlede week oorlede. Ons innige simpatie aan haar en hul geliefdes.

💜 Henriëtte Hamel wat 'n algehele knievervanging by Unitas ondergaan het.

Met dankbaarheid:

💜 Magda McGee wat hopelik oorgeplaas is na M-Care.

💜 💜

Almal wat siek is, olik voel, eensaam, ontsteld of hartseer is. Sterkte, vertroosting of spoedige beterskap bid ons julle toe.

✸ **Aan ons nuwe lidmate:**

Ons sal u graag by die NHK i Toonbank agter in die kerk na die erediens wil ontmoet. Kom drink gerus daarna 'n koppie tee saam met ons in ons

Koffie-kuier-en-kletskamer.

AKTIWITEITE IN DIE GEMEENTE

22 08:00 Koffiekuier
08:30 Eerste Lydensondag
Nagmaal en
Kleuterkerk
09:30 Teedrink
09:40 Kategese
23 09:15 Dagbestuur vergader
24 15:00 Bybelstudie - Kerk
25 09:15 Herfsakker Bybelstudie
26 10:00 Rubicon Bybelstudie
01 08:00 Koffiekuier
08:30 Erediens en
Kleuterkerk
09:30 Teedrink
09:40 Kategese

GASHERE BY TEESKINK:

22/02 Landi en Wessel Olivier, Pieter, Eugene en Rynard Engelbrecht
01/03 Jaco, Zetta en Janica Viljoen
Dankie vir julle gasvryheid!

02/22 Riaan Laubscher
02/22 Corrie Els
02/23 Natasha Loftus
02/23 Berenice Le Roux
02/23 Maureen Janse v Rensburg
02/24 Ruan Harmse
02/24 Ronelle Du Toit
02/26 Marisca Bothma
02/26 Elize Mej Lubbe
02/27 Cecelia Van Zyl
02/27 Callie Swart
02/28 Vyncke Lundy
02/28 Jayden Van Heerden
02/28 Larisca Bothma
02/28 Braam Visser
02/28 Marisa Kruger ***70jr +***

VOLTOOI ASB DIE VORM

Baie dankie vir almal wat reeds voltooi het.
Indien u nog nie vorms voor in die bank se sakkie voltooi het nie vra ons dat u asb vandag een sal voltooi en saam met die potlood terug sit in die bank se sakkie.
💜Baie dankie vir u insette.

PUMAKITI

Totale inkomste	R100,750.00
Totale Uitgawes	R 55,562.54
Wins	R 45,187.46

Daar kort nog een tafel se geld, maar dit ís by die wins ingereken. Hannes wil net weereens vir almal dankie sê wat deel was of deelgeneem het aan die Pumakiti.

HULP GEVRA

*'n Lidmaat was in 'n motorongeluk betrokke. Die motor moet herstel word. Indien u paneelklopwerk kan doen en dus hiermee kan help, kontak my of die predikante asb?
*'n Lidmaat vra 'n ringkussing om te leen.
*Indien iemand kan help om 8 blokke te sny om voorhuisbanke te lig sal ons dit waardeer.

*Ek is 'n betroubare en detailgerigte administratiewe professionele persoon met sterk organisatoriese en kommunikasievaardighede. Ek het uitgebreide ondervinding in algemene administrasie, skedulering van afsprake, hantering van kliënte-navrae, dokumentasiebeheer, fakturering en betalings, sowel as data-invoer en verslagdoening. Ek werk akkuraat, kan verskeie take gelyktydig hanteer en presteer goed onder druk. Ek is selfgemotiveerd, kan onafhanklik werk met minimale toesig, maar funksioneer ook uitstekend as deel van 'n span. Met 'n positiewe ingesteldheid, sterk werksetiek en fokus op professionele dienslewering dra ek by tot doeltreffende kantoorbestuur en uitstekende kliëntediens.

GEBED VIR DIE WEEK
Almagtige en Ewige God,
wat sonde vergewe van hulle wat opregte berou het.
Skep nuwe harte in ons sodat ons opregte berou kan hê oor ons sonde en ons swakhede kan bely,
sodat ons genade en vergifnis kan ontvang van U, God,
deur ons Here Jesus Christus.
Amen.

Indien u die hele Blitspos wil lees volg hierdie skakel:
https://nhka.org/wp-content/uploads/2026/02/Blitspos-2026_02_19.pdf

Geloofsverklaring 2025 – 'n Draaipunt in die geskiedenis van die Hervormde Kerk?
by Prof Wim Dreyer (Outeniqua) | Thursday, 29 January, 2026 | Die Hervormer, Januarie/ Februarie 2026 Jaargang 118, Nommer 8

Die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) van die NHKA wat in Oktober 2025 in Midstream vergader het, het met Besluit 1 'n dokument getiteld *Geloofsverklaring 2025* sonder enige teëstem aanvaar. Die notule wys dat die *Geloofsverklaring* met *algemene instemming* vir gebruik in die Kerk goedgekeur is. Dit op sigself is merkwaardig, gesien hoe belangrik die kerklike belydenis in die lewe van reformatoriese kerke is. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Hervormde Kerk dat die AKV so 'n ingrypende en omvattende besluit geneem het.
Die AKV het die *Geloofsverklaring* aanvaar as riglyn vir:

- die Kerk se getuienis in die wêreld;
- die Kerk se getuienis teenoor die owerheid;
- die Kerk se roeping en dienswerk;
- die Kerk se besluite en kerkordelike reëlings; en
- die Kerk se teologiese arbeid.

Lees die hele skrywe www.nhka.org
In die volgende uitgawe van die *Hervormer* sal meer aandag gegee word aan die inhoud van *Geloofsverklaring 2025* wat die 74ste AKV (2025) aanvaar het.